HELPMEKAAR KOLLEGE
Circa 1921

# Beleid en Kriteria vir Laudatio prestasies

- **Doel van Laudatio**: Die erkenning van Helpmekaar – leerders op buitekurrikulêre gebied.

- Indien 'n aktiwiteit se struktuur verander of 'n nuwe kompetisie geloods word, sal die Laudatio-komitee ondersoek instel om die kompetisie se standaard te verifieer voordat 'n besluit geneem word oor die moontlikheid van 'n toekenning.

## 1. Toekenning vir Skoolkleure (Erekleure, Balkies, Sertifikate)

Alle aktiwiteite waar interskole-kompetisie plaasvind (rangorde van skole vind plaas) en waar die aktiwiteit deur Helpmekaar gefasiliteer word.

Die volgende beginsels geld vir alle aktiwiteite:

- Alle toekennings word gemaak op grond van die kriteria vir elke aktiwiteit (sien insetsel met Sport- en Kultuurkriteria).
- **Alle toekennings is onderhewig aan 80% kompetisie-deelname en 90% oefening-bywoning.** *(L.W. Indien 'n leerder beseer sou word, moet steeds voldoen word aan hierdie vereiste om te kwalifiseer vir 'n toekenning.)*
- Indien 'n leerder vir 'n provinsiale span gekies word en die hele seisoen volgens die kriteria voldoen het aan die aktiwiteit, maar net voor die provinsiale toernooi beseer word, kan hy nog vir erekleure kwalifiseer.
- Tweedespanne / B-spanne kan slegs vir Sertifikaattoekennings kwalifiseer wat kan akkumuleer tot balkies. Toekennings in spanverband geld nie vir hulle nie.
- 'n 3e sertifikaat word 'n balkie en 'n 3e balkie word erekleure (hoef NIE opeenvolgend te wees nie).
- Leerders wat provinsiale kleure verwerf, MOET aan die nasionale kampioenskappe deelneem om vir hul toekenning te kwalifiseer. *Verder moet die leerder ook voldoen aan 80% kompetisie-deelname en 90% oefening-bywoning van die HMK-aktiwiteit om te kwalifiseer vir balkie / erekleure.*
- Leerders kan nie Buite-skool balkies ontvang vir aktiwiteite wat binne die skool aangebied word nie (sien detail rakende buite-skool aktiwiteite by punt nr.2).
- Nuwe leerders: Helpmekaar sal alle vorige skoolsportkleure slegs op individuele vlak erken (NIE spanverband nie), na een seisoen van dienslewering vir Helpmekaar, volgens Helpmekaar se kriteria.
- Indien 'n leerder 'n aktiwiteit staak, verloor hy/sy ook die voorreg van die erkenning en mag hy/sy dan nie meer die balkie/erekleure-drag dra nie. (Uitgesluit ernstige beserings/omstandighede buite sy/haar beheer).

- **Vir die volgende Kultuur-aktiwiteite sal slegs die ATKV as liggaam vir Laudatio-toekennings erken word:** Tienertoneel, Spraakgilde, Redenaars en Debat. Leerders wat deur skoolspanne presteer deur ander liggame, bv. Pronkpodium, Reza-fees, FAK, Radikale Redenaars, Oppitong-redenaars, Dink-of-Sink debat (uitgesluit Onvoorbereid) ens. sal deelname erkenning kry deur ‘n Balkie of Sertifikaat-toekenning te ontvang. **Indien ‘n leerder in meer as een van die spanne is en prestasies behaal in verskeie van die kompetisies, sal slegs die hoogste prestasie in aanmerking geneem word.**
- Die volgende aktiwiteite sal as ondersteuningsdienste beskou word en erekleure sal slegs per paneelbeslissing geskied vir uitsonderlike diens oor ‘n aantal jare: Dienslewering, Klank-en Tegnies, Noodhulp.
- Vir die toekenning van die mees veelsydige leerder in elke graad moet die betrokke leerder aan beide sport- en kultuuraktiwiteite deelneem. Die toekenning sal daarna bepaal word volgens spesifieke kriteria waarin die verskeidenheid van aktiwiteite en die hoogste vlak van prestasie in ag geneem word.

## Kleredrag vir Skoolkleure

**<u>Graad 8</u>**

- Balkie-toekenning: dra bruin balkie op bruin baadjie.
- Erekleure-toekenning: dra bruin balkie; koop bruin erekleure sakwapen (opsioneel)

**<u>Graad 9</u>**

- Balkie-toekenning: dra bruin balkie op bruin baadjie.
- Erekleure-toekenning: Kry aan die einde van graad 9 jaar die wit balkie saam met sy/haar erekleure-baadjie met wit sakwapen.

*L.W. Kry nie aan die einde van graad 9 vir graad 8 se erekleuretoekennings ‘n wit balkie nie; behou die bruin balkie vir graad 8-toekennings. Geen wit balkies mag op ‘n bruin baadjie wees nie.

**<u>Graad 10-12</u>**

- Dra erekleurebaadjie met wit balkies vir erekleuretoekennings.
- Dra bruin balkies vir ‘balkie-toekennings’.

***L.W. Graad 12 leerders wat deur die jaar kwalifiseer vir erekleure, mag by die Laudatio-organiseerders aansoek doen vir hulle erekleure-baadjie. Graad 8 -11 leerders sal na die Laudatio-aand hulle toekennings kan ontvang.**

**Wit "Hoodie"**– slegs vir Helpmekaar Kollege aktiwiteite.
Die wit "hoodie" word as 'n drag erken en NIE as 'n toekenning nie.

| SPORT | KULTUUR |
|---|---|
| Slegs vir eerstespanne of podiumplekke soos aangedui.<br>Skaak: Senior A-span; Gholf: A-span; Tennis: Senior A-span; Oriëntering: Podiumplek; Swem: Podiumplek by Prestige Interhoër; Atletiek: Podiumplek by Interhoër A-bond; Boogskiet: Top 3 by Provinsiale Kompetisie; Skyfskiet: Top 3 by Provinsiale Kompetisie.<br>Mag ook slegs gedra word indien leerder nog deel van die betrokke aktiwiteit is. | Slegs indien leerder as span of individu Helpmekaar Kollege op Nasionale vlak verteenwoordig of indien 'n leerder 'n podiumplek in 'n Nasionale Kompetisie behaal. Nie vir Juniorspanne nie. Mag ook slegs gedra word indien leerder nog deel van die betrokke aktiwiteit is. |

2. **Toekenning vir Buiteskoolse aktiwiteite** (Buite-Sport balkie en Buite-Kultuur balkie)
Vir nie-Helpmekaar-aktiwiteite of aktiwiteite waar daar geen interskole-kompetisie is nie, is die hoogste toekenning 'n Buite-sport/kultuur balkie.

## Buiteskoolse Toekennings:

- Buite-Kultuur balkies: Slegs vir kultuuraktiwiteite wat **nie** deur die skool aangebied word nie, bv. Individuele sang en Dans. GEEN erkenning sal gegee word aan aktiwiteite wat die skool aanbied nie, bv. Redenaars, Musiek, Debat, Drama (voordrag) ens.
- Buite-Sport balkies: Deelname op **Nasionale-vlak** vir sportaktiwiteite wat **nie** deur die skool aangebied word nie.

Die volgende beginsels geld vir 'n Buite-skool balkie:

- Vir aktiwiteite sonder proewe/provinsiale verkiesing, bv. kultuur, sien vereistes onderaan uiteengesit.
- Geverifieerde dokumentasie van nasionale/provinsiale liggaam moet aansoek vergesel.
- **Maksimum van een Buite-skool balkie 'n jaar, d.w.s een vir sport en/of een vir kultuur.**
- Balkies kan nie akkumuleer tot skool-erekleure nie.
- Geen buite-skool balkies word toegeken vir aktiwiteite wat die skool aanbied nie.
- Vermelding sal plaasvind in die vorm van kontinue gelukwensing, nuusbriewe, saalopeninge en vermelding by Laudatio-aand.
- Voorbeelde van Buiteskoolse aktiwiteite: duik, tweekamp, driekamp,gimnastiek, aksie-krieket, aksie-netbal, padfiets, korfbal, oopwaterswem, sokker, ringbal, roei, dans (verskeie) , motor-/motorfiets-wedrenne, judo, karate, martial arts, vlieg, seiljag, individuele sang, ens**.**

Sport- aktiwiteite:

- Leerder moet provinsie (‘n Gautengspan) verteenwoordig EN moet op NASIONALE vlak deelneem vir ‘n BSB.

Kultuur-aktiwiteite sonder proewe / provinsiale verkiesing:

- Kunswedstryde wat deur HMK erken word en waarvoor daar Buite-skool balkies gegee sal word, is NEA Eisteddfod (Nasionale vlak) en Con Spirito Forte.
- Leerders moet as volg presteer om te kwalifiseer: NEA Eisteddfod Top 3 / Con Spirito Forté Wenner – SLEGS Kultuuraktiwiteite wat nie deur die skool aangebied word nie.
- Vir uitvoerende kunste word die volgende kompetisies, wat deur FPASA onderskryf word, erken vir ‘n buiteskool-balkie: RACA, DEL ARTE, Talent Africa, Dance World Cup, WADF, SACOPA, PACISA en International Performing Arts Championship.
- Leerders moet ‘n Top 3 plek by die nasionale rondte van die bogenoemde kompetisies behaal om in aanmerking te kom vir ‘n Buiteskool-balkie.
- Leerders kan ook in aanmerking kom vir ‘n Buiteskool-balkie indien hulle ‘n Top 3 plek behaal by die amptelike Suid-Afrikaanse kampioenskappe vir ‘n bepaalde kunsdissipline.
- Geen ander uitvoerende kunste kompetisies kwalifiseer vir Buiteskool-balkies nie.
- Danseksamens: Leerders moet ten minste graad 5 met meriete slaag om in aanmerking te kom vir ‘n Buitesport-balkie.

**L.W.**

- **Alle navrae rakende die Sportkriteria kan aan die Sporthoof, Mnr. Shaun Jackson gerig word.**
- **Alle navrae rakende die Kultuurkriteria, kan aan die Kultuurhoof, Mev. Linda Peacock gerig word.**
- **Die Bestuur behou hul die reg voor om die kriteria te her-evalueer en die nodige veranderinge aan te bring.**